

HOOFSTUK 6

METODE VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1 Inleiding

Onderwysers van kinderskole word dikwels gevra of die skool daarin slaag om die sorgbehoewende kinders te rehabiliteer en indien wel, in watter mate? Aangesien daar geen standaard metode of selfs net kriteria bestaan waarvolgens die skool se sukses op hierdie gebied gemeet kan word nie, is 'n empiriese ondersoek onderneem om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer vind. In hierdie hoofstuk sal 'n gedetailleerde beskrywing van die empiriese ondersoek gegee word.

6.2 Metode van ondersoek

Die empiriese ondersoek is gedoen deur alle leerlinge wat in 'n bepaalde periode tot sewentien blanke kinderskole in Suid-Afrika, toegelaat is, te toets met 'n toetsbattery bestaande uit drie toetse, naamlik die Prentemotiveringstoets, die Interpersoonlike Verhoudingsvraelys en die IPAT-angsskaal. Aan die einde van dieselfde jaar is die toetslinge met dieselfde toetsbattery hertoets om vergelykbare gegewens te verkry.

Na afloop van die empiriese ondersoek is die data ontleed en aan die hand van literatuur en eie kriteria beoordeel.

6.2.1 Die proefpersone

As proefpersone is geneem alle leerlinge by die sewentien kinderskole wat by die ondersoek betrek sal word, wat vir die eerste keer tot die skool toegelaat is tussen 15 November 1981 en 15 Februarie 1982. Die toelating-speling (15 November tot 15 Februarie) is so gekies omdat:

- (a) die meeste kinders elke jaar gedurende hierdie tydperk toegelaat word;

(b) 'n groot gedeelte van die genoemde periode deur eksamen en vakansie in beslag geneem word en daar dus nie veel opvoedkundige bemoeienis met die kind gedurende hierdie tydperk gemaak kan word nie.

By die sewentien skole is tweehonderd-en-veertien leerlinge in die bepaalde periode toegelaat. Daar was altesaam tweehonderd-en-ses leerlinge beskikbaar om hertoets te word. Honderd-en-elf van hierdie leerlinge is seuns en vyf-en-negentig is meisies. Die agt leerlinge wat nie hertoets kon word nie, was leerlinge wat weens siekte afwesig was, wat reeds weer uitgeplaas was, of wat weens drossery uit die skool afwesig was.

Tabel 6.1 hieronder gee 'n beeld van die geslags- en ouderdomsverspreiding van die toetsgroep by toelating tot die skool:

Tabel 6.1 Verspreiding van Proefpersone volgens geslag en ouderdom by toelating										
Ouderdom	11jr	12jr	13jr	14jr	15jr	16jr	17jr	18jr	Totaal	%
Seuns	2	15	17	25	19	14	14	5	111	54
Meisies	0	10	18	24	20	11	9	3	95	46
Totaal	2	25	35	49	39	25	23	8	206	100
Persentasie	1,0	12,1	17,0	23,8	18,9	12,1	11,2	3,9	100	
N = 206. Persentasies is benader tot 2 desimale syfers										

Die ouderdomme van die groep het gewissel vanaf elf jaar en tien maande tot agtien jaar en vier maande. Die skoolstanders van die groep by toelating het gewissel van standerd vyf tot standerd nege. Negentien persent van die groep was in standerd vyf; twee-en-dertig persent in standerd ses; vyf-en-twintig persent in standerd sewe; negentien persent in standerd agt en vyf persent in standerd nege (kyk tabel 6.2 hieronder).

Tabel 6.2
Verspreiding van proefpersone volgens stander by toelating

Standerd	5	6	7	8	9	Totaal	%
Seuns	18	40	27	20	6	111	54
Meisies	21	26	24	19	5	95	46
Totaal	39	66	51	39	11	206	100
Persentasie	19	32	25	19	5	100	
N = 206. Persentasies is benader tot twee desimale syfers							

6.2.2 Die meetmiddels wat in die ondersoek gebruik is

In die empiriese ondersoek is gebruik gemaak van 'n motiveringstoets, 'n interpersoonlike verhoudingsvraelys en 'n angsskaal wat almal gestandaardiseerde toetse vir Suid-Afrikaanse toestande is. Verder is relevante inligting aangaande die betrokke kinderskole ingewin deur middel van 'n vraelys, wat deur die ondersoeker self opgestel en aan alle skole wat by die ondersoek betrek sal word (kyk Bylae A op bladsy 200) uitgestuur is. Die vraelys verskyn op bladsy 201 as bylae B.

6.2.2.1 Die Prentemotiveringstoets (PMT)

Die prentemotiveringstoets is opgestel deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing van die RGN. (RGN, 1980) Dit bestaan uit twintig toetse met twaalf items elk, wat twintig komponente van motivering verteenwoordig. Die toetse is deur die toetsopstellers in vyf groepe gerangskik volgens belangrikheid met betrekking tot die skoolsituasie; die belangrikste toetse is eerste geplaas:

- *Eerste groep:* Kognitiewe struktuur, aggressie, skolastiese prestasie, affiliasie, volharding.
- *Tweede groep:* Begrip, ekshibisie, orde, prestasie (algemeen), spel.

- *Derde groep*: Beskerming, dominansie, impulsiwiteit, sosiale erkenning, steun.
- *Vierde groep*: Leedvermyding, selfvernederling, sintuiglike genot, verandering, verdediging.

Met die oog op die empiriese ondersoek van hierdie navorsing is die PMT gekies omdat die toets die vlak van motivering van die leerling meet. Die data wat met die toepassing van hierdie toets by toelating, en die hertoepassing nadat die leerling die skool vir 'n jaar bygewoon het, verkry word, behoort belangrike inligting te verskaf aangaande die versterking of verslapping in gemotiveerdheid by die leerling tydens sy verblyf in die skool.

6.2.2.2 Die Interpersoonlike Verhoudingsvraelys (IVV)

Die Interpersoonlike Verhoudingsvraelys is 'n toets van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing, een van die Institute van die RGN (RGN : 1981). Dit is in 1978 saamgestel en in 1979 vir standers vyf, ses en sewe blanke leerlinge gestandaardiseer. Aangesien ses-en-sewentig persent van die toetsgroep (kyk tabel 6.2 op bladsy 124) uit standaard vyf, ses en sewe leerlinge bestaan, en die afleidings uit die toetsresultate op verskille tussen toets en hertoets gebaseer sal word, is besluit om die toets vir die hele toetsgroep aan te wend.

Die toets word hoofsaaklik gebruik om interpersoonlike verhoudinge van leerlinge in die vroeë- en middel-adolesente jare te meet. Dit bestaan uit twaalf komponente van sielkundige aanpassing, gegroepeer in vier groepe wat persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge verteenwoordig. Die groepering is soos volg:

(i) Persoonlike verhoudinge

Selfvertroue, eiewaarde, selfbeheersing, senuwecagtigheid en gesondheid

(ii) Huislike verhoudinge

Gesinsinvloed en persoonlike vryheid

(iii) *Sosialiteit A* (A = algemeen), *Sosialiteit T* (T = met die teenoorgestelde geslag) en *Sosialiteit D* (D = met dieselfde geslag).

(iv) Formele verhoudinge

Morele inslag, formele verhoudinge en 'n leuenskaal. (Die leuenskaal word volgens die toetsopstellers onder morele inslag geklassifiseer omdat dit met eerlikheid te make het.)

Die IVV is primêr bedoel om interpersoonlike verhoudings by die toetsling te meet. Dit behoort daarom belangrike inligting aangaande die sosiopedagogiese situasie van die leerling bloot te lê. Veral die vier verskillende velde is vir die ondersoek belangrik omdat:

- Die ondersoek en kinderhofgebeure wat die kommittering vooraf gaan, die selfbeeld van die leerling skaad en traumaties deur die kind belewe word;
- Die huislike verhoudinge en huislike omstandighede van gekommitteerde leerlinge oor die algemeen swak is;
- Sosialiteit van die leerlinge oor die algemeen swak is by toelating omdat die leerlinge wantrouig en agterdogtig is as gevolg van die gebeure in (i) genoem. By toelating is daar gewoonlik bestaande verhoudings (veral by meisies) met die teenoorgestelde geslag waarby in die meeste gevalle ongewenste persone betrokke is.
- Formele verhoudinge met gekommitteerde leerlinge nie maklik genormaliseer word nie as gevolg van aanvanklike wantroue en agterdog. (Gebaseer op ervaring van die ondersoeker by kinderskole.)

6.2.2.3 Die IPAT-angsskaal

Die IPAT-angsskaal is oorspronklik opgestel deur die Universiteit van Illinois en is in 1968 verwerk en aangepas vir Suid-Afrikaanse toestande deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, 1968 : 1). Die toets bestaan uit

veertig vrae wat vyf komponente van angs meet. Die IPAT-angsskaal is kort, kan vinnig afgeneem en ewe vinnig nagesien word met behulp van 'n standaard nasiensleutel. Dit is maklik verstaanbaar, selfs vir leerlinge met 'n lae onderwyspeil.

Die vrae is verdeel in ooreenstemming met die bydrae wat elke persoonlikheidsfaktor tot die totale angspeil lewer. Die items is verder verdeel in:

- (a) die groep wat direkte, waarneembare, simptomatiese en bewuste angs meet. Dit beslaan die laaste twintig items van die toets en heet B-tellings.
- (b) die groep items wat in meer bedekte vorm is en verborge en onbewuste angs aandui. Dit beslaan die eerste twintig items en word A-tellings genoem.

Die angskomponente wat deur die toets gemeet word kan soos volg uiteengesit word:

- Gebrekkige integrasie, gebrek aan selfsentiment (Q3);
- Swak ego, gebrek aan egosterkte (C);
- Agterdogtigheid of 'n paranoïese gevoel van onveiligheid (L);
- Geneigdheid tot skuldgevoelens (O);
- Spanning as gevolg van frustrasie of druk van die id (Q4).

Die IPAT-angsskaal is by die toetsbattery ingesluit met die doel om die algemene angspeil van die leerlinge te meet. Leerlinge kom oor die algemeen angstig, gespanne en senuweeagtig voor by toelating tot die kinderwetskool. Hierdie verskynsel kan begryp word in die lig van die traumatiese belewenisse wat gepaard gaan met die kommitteringsprosedure en die tydelike verwydering van die kind uit die gesinskring.

Die data wat met die toepassing van die IPAT verkry word kan lig werp op die sosiopedagogiese aanpassing van leerlinge in die kinderwetskool. 'n Vermindering in angspeil sal vordering in die sosiopedagogiese vorming van die leerling impliseer.

'n Enkele totale angstelling, gebaseer op al veertig items, is normaalweg al wat benodig word, maar vir die doeleindes van hierdie proefskrif, sal 'n aparte

telling op elke komponent van angs gegee word, asook 'n telling vir onbewuste angs (A-telling), sowel as bewuste angs (B-telling), asook 'n telling van totale angspeil (A plus B).

6.2.2.4 *Die vraelys*

Vraelyste is aan elk van die sewentien skole, wat by die ondersoek betrek is, uitgestuur om eerstehandse kennis te bekom aangaande die organisasie en aktiwiteite van die skool. Die vraelys beslaan veertien vrae en is deur die ondersoeker self saamgestel. ('n Afskrif van die vraelys verskyn op bladsy 201 van hierdie proefskrif as Bylae B.)

Die vrae is veral toegespits op die na-uurse program van die kinderwetskole. Klem is gelê op buitemuurse en buite-kurrikulêre bedrywighede wat lig kan werp op die georganiseerde interpersoonlike verkeer van die leerlinge; aksies wat kan bydra tot die sosiopedagogiese vorming van die kind in die kinderwetskool. Al die vraelyste wat ingestuur is, is behoorlik voltooid terug ontvang.

6.2.3 *Die afneem van die toetse*

Aangesien die toetse op dieselfde dag, naamlik 15 Februarie 1982 by al sewentien skole reg oor die Republiek afgeneem moes word, was dit nie vir die ondersoeker moontlik om dit alleen te doen nie. Goedkeuring is van die Departement van Nasionale Opvoeding verkry om van die hulp van residensiële skoolsielkundiges by die verskillende skole gebruik te maak vir hierdie doel. Die skoolsielkundiges is gekwalifiseerde onderwyser-sielkundiges wat geskool is in die afneem van sielkundige toetse omdat dit deel vorm van hulle taak by die skole. Toetsmateriaal is aan die verskillende skole uitgestuur en die toetse is gelyktydig by alle betrokke skole afgeneem op 15 Februarie 1982. By die hertoetsing op 15 November 1982 is dieselfde prosedure gevolg.

6.2.4 *Die nasien van die toetse*

Die toetse is deur die ondersoeker nagesien met behulp van die standaard nasien sleutel wat vir elke toets beskikbaar is. Die roupunte is getabuleer en

aan die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voorgelê vir statistiese verwerking.

6.2.5 Statistiese verwerking van die gegewens

Met betrekking tot die PMT en die IVV is die roupunte vir elke faktor van die toetse met behulp van die standaard rekenaar van die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit omgeskakel in staneges, en met betrekking tot die IPAT-angsskaal, in stiene, aangesien die normtabelle van die betrokke toetse vir staneges en stiene respektiewelik voorsiening maak. Dieselfde metode is gevolg met die roupunte van die hertoets om sodoende vergelykbare gegewens te verkry. 'n Verskil van een op beide die stanege- en stieneskaal sal vir die doel van hierdie studie as beduidend beskou word wanneer daar tot gevolgtrekkings geraak word.

6.2.6 Aanbieding van die resultate

Verskille tussen die tellings op die stanegeskaal ten opsigte van die toetsing en hertoetsing is met behulp van die rekenaar verkry vir elke komponent van die PMT en die IVV. Op dieselfde wyse is verskille op die stieneskaal verkry met betrekking tot die komponente van angs van die IPAT-angsskaal.

Die verskille soos hierbo beskrywe sal vir elke komponent van elke toets in tabelvorm aangebied word. Elke tabel sal afsonderlik bespreek en toegelig word.

6.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die metode van ondersoek wat gevolg is met betrekking tot die navorsing, bespreek. Die metode, die doelstellings, die meetmiddels wat gebruik is, die afneem en nasien van die toetse en die statistiese verwerking van die gegewens is omskrywe. In hoofstuk sewe hierna sal die uitslae van die empiriese ondersoek van die navorsing aangebied word, tesame met gevolgtrekkings en bespreking daarvan.